Hoofstuk 5 Die Maaltyd / Surah Al-Maidah

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1a. Gelowiges dit is belangrik dat julle alle ooreenkomste wat julle het sal nakom, of dit nou die Verbond is wat julle met julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het, of die ooreenkomste wat julle met julleself sluit om iets te doen en of dit ooreenkomste is wat julle met ander mense sluit.

1b. Alle vee is vir julle wettig gemaak om van te eet, behalwe die wat in die Koran uitgesonder sal word en die bokke wat julle gewoonlik sou jag maar tydens Pelgrimstog of Besoek aan Mekka wanneer julle in die Staat van Toewyding is, nie mag jag nie. Waarlik Allah verorden wat Hy wil.

2. Gelowiges, moenie die heiligheid van die sintuiglik waarneembare simbole wat uniek is aan Islam soos die Aanbidding en die Aanbiddingsroep skend nie, en ook nie die heilige maande, of die offerdiere, of die offertekens of diegene wat op weg is na die Heilige Huis van Allah in Mekka besoek nie, terwyl hulle die guns van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer soek en dit slegs vir sy plesier doen, nie. Wanneer julle egter nie meer in die Staat van Toewyding is nie, dan mag julle weer jag. En wees versigtig dat julle gevoelens van haat jeens diegene wat julle weerhou het daarvan om die Moskee al-Haram te besoek, nie veroorsaak dat julle self oortree nie. Ondersteun mekaar in dit wat reg en geregverdig is en dit wat vroom is, maar moenie mekaar help in dit wat sondig en oortreding van die beperkinge is nie. En hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah. Waarlik Allah is baie erg as dit kom by straf.

Kos wat verbode is om te eet

3. Die volgende is vir julle verbode om te eet: enige aas, vloeiende bloed, varke in geheel, en enigiets anders wat geslag is met die naam van enigiets anders as die Naam van Allah, diere wat verwurg is, doodgeslaan is, hulleself doodgeval het, doodgesteek is en dit waaraan 'n wilde dier gevreet het tensy dit self behoorlik geslag was, dit wat voor afgode geslag was en dit wat deur die trek van lootjies verdeel was. Die eet van enige van die vleis is sonde. Vandag het die ongelowiges die hoop verloor om jou Geloof enige skade aan te doen. Moet dus nie langer vir hulle bang wees nie, maar hê 'n heilige ontsag en respek vir My. Vandag het Ek jou Godsdiens vir jou vervolmaak, en my seën op jou voltooi, en Islam as godsdiens vir jou gekies. Wie egter geweldig honger is en absoluut niks het om te eet nie, geen ander uitweg het nie, nie ten doel het om sonde te doen nie, en dan tog eet wat verbode is, vir hulle sal Allah Meesvergewend, Baiegenadig wees.

Kos wat wel wettig is om te eet

4. Hulle vra jou wat na wat dan wel wettig is om van te eet. Sê vir hulle: “Die goeie dinge is wettig gemaak om van te eet, en die jag met behulp van voëls en jagdiere wat julle leer aan die hand van dit wat Allah julle geleer het. Eet die prooi dan wanneer die jagdier of voël dit vir jou bring om te eet. Nadat jy die Naam van Allah daaroor uitgespreek het.” En julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê. Waarlik Allah is baie vinnig met afrekening.

Kos en vroue wat wel wettig is

5. Vandag is goeie dinge vir julle wettig gemaak om van te eet. Die kos: graan en vleis wat geslag is met die Naam van Allah, van die mense van die Boek, die Jode en die Christene, is ook vir julle wettig om van te eet, en julle kos is ook wettig vir hulle om van te eet. So ook is die kuise gelowige vroue, en goeie vroue van diegene aan wie die Boek voor julle gegee was vir julle wettig, op voorwaarde dat julle aan hulle die bruidskat gee, en met hulle trou, en nie net om wellus of net om minnaresse te hê nie. Wie ook al die Geloof verwerp, al sy pogings is verniet, en in die Hiernamaals sal hy tussen die verloorders wees.

Mindere Reiniging en Meerdere Reiniging

6. Gelowiges, wanneer julle gereed maak om te gaan Aanbid, was julle gesigte en julle hande tot by julle elmboë, stryk jul nat hande oor julle hare en was julle voete tot by die enkels. Indien julle egter in 'n staat van Meerdere Onreinheid is, was dan julle hele liggaam deeglik. Indien julle siek is of op reis, of die toilet gebruik het, of gemeenskap met 'n vrou gehad het, en julle kan nie water kry nie, soek dan skoon grond, en vee dan julle hande en gesigte daarmee. Allah hou nie daarvan om dit vir julle moeilik te maak nie. Hy wil julle eerder skoon en rein maak en so Sy guns aan julle voltooi, sodat julle dankbaar sal wees.

7. Onthou Allah se guns aan julle en sy belofte wat Hy van julle verkry het toe julle gesê het: “Ons het geluister en gehoorsaam.” En julle moet 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê. Allah is albewus van dit wat in die harte van mense is.

8. Gelowiges, wees standvastig vir Allah as getuies vir geregtigheid. Julle haat vir sekere mense moet julle nie weerhou daarvan om steeds geregtigheid te laat geskied nie. Laat geregtigheid geskied. Dit is nader aan Vroomheid. En julle moet 'n heilig ontsag en respek hê vir Allah. Waarlik Allah is Alwetend van dit wat julle doen.

9. Allah het 'n belofte gemaak aan diegene wat glo en goeie dade doen: vir hulle is daar vergifnis en 'n groot beloning.

10. Diegene wat ongelowig is en ons boodskap en bewyse ontken, hulle is die mense van die Vuur.

11. Gelowiges, onthou die guns wat Allah aan julle bewys het, toe sommige mense beplan het om julle iets aan te doen, en Allah hulle hande van julle af gehou het. Julle moet 'n heilige respek vir Allah hê. Gelowiges moet hul vertroue in Allah plaas.

12. Allah het die kinders van Israel 'n eed laat sweer. En Ons het oor hulle twaalf stamhoofde aangestel uit eie geledere. En Allah het gesê: Ek is waarlik saam met julle, As julle jul Aanbidding in stand hou en jul Armebelasting betaal, en in My Boodskappers glo, en hulle eerbiedig behandel, en aan Allah 'n goeie lening voorskiet, sal Ek verseker jul sondes afskryf en julle sekerlik opneem in Tuine waaronderdeur riviere vloei. So, wie ook al steeds ongelowig is na dit, het die reguit weg byster geraak.

13. Maar die kinders van Israel het hul eed verbreek, en as gevolg daarvan het Ons hulle vervloek en hul harte verhard. Hulle skuif woorde in sinne en verander sinskonstruksies om by hul storie te pas en hulle het 'n groot gedeelte van die Advies wat aan hulle gegee was geïgnoreer. En elke nou en dan kry mens by meeste van hulle 'n bedrieglikheid. So, vergewe hulle en vergeet. Allah hou inderdaad baie van diegene wat goeie dinge doen.

14. Ons het ook van diegene wat sê: “Ons is Christene” 'n eed geneem. Maar hulle het ook 'n groot hoeveelheid Advies wat Ons hulle gegee het geïgnoreer. So het ons hulle dan laat vasval in afguns en haat onder mekaar tot by die Oordeelsdag. En Allah sal vir hulle vertel wat hulle gedoen het.

15. Mense van die Boek, ons Boodskapper het na julle toe gekom en aan julle geopenbaar baie van dit wat julle in julle Boek weggesteek het, terwyl hy baie in julle Boek nie aangeraak het nie omdat dit nou onnodig geword het. Daar het van Allah af 'n helder lig en 'n duidelike Boek na julle toe gekom,

16. waarmee Allah diegene lei wat Hom vir Sy plesier wil volg op die paaie van vrede en wie Hy uitbring, deur Sy wil, uit die dieptes van donkerte uit in die lig in, en wie Hy begelei na die reguit weg.

17. Diegene wat verklaar dat: “God is die Messias, seun van Maria” is sowaar diegene wat ongelowiges geword het. Sê aan hulle: “Wie het die mag om teen Allah te gaan indien Hy sou wou dat die Messias, seun van Maria en sy moeder en almal op aarde geëlimineer word.” Aan Allah behoort die koninkryk van die hemele en die aarde en wat ook al daar tussen in geleë is. Allah skep wat Hy wil. En Allah het mag oor alles.

18. Die Jode en die Christene sê: “Ons is die seuns van Allah en Sy gunstelinge.” Sê vir hulle: “As dit so is hoekom straf Hy julle dan vir julle sonde? Nee, feit van die saak is dat julle ook maar net mense is. Allah vergewe wie Hy wil en straf wie Hy wil.” En aan Allah behoort die koninkryk van die hemele en die aarde en wat tussenin lê, en na Hom sal alle mense terugkeer.

19. Mense van die Boek, na 'n lang onderbreking tussen Boodskappers waartydens daar nie enige Boodskappers was nie, het ons Boodskapper na julle toe gekom en aan julle dinge verduidelik, sodat julle nie sal kan sê: “Daar het nooit iemand na ons toe gekom

wat vir ons goeie nuus of waarskuwings gegee het nie.” Nou het daar iemand na julle toe gekom wat vir julle goeie nuus en waarskuwings bring.

20. Toe Moses vir die volk gesê het: “O my volk, moenie vergeet hoe Allah julle geseën het toe Hy vanuit julle geledere vir julle profete en konings gegee het nie en aan julle gegee het wat Hy aan geen ander volk gegee het nie.

21. O my volk, gaan in, in die Heilige Land wat Allah vir julle bestem het, en moenie omdraai nie sodat julle nie verloorders is nie.”

22. Dit was toe dat die volk geantwoord het: “Moses, daardie is 'n volk van tiranne en ons sal nooit daar ingaan nie totdat hulle eers daar uit is nie. En ons is gereed om in te gaan, net sodra hulle daar uit is.”

23. Maar daar was twee manne tussen diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het aan wie Allah Sy guns verleen het wat gesê het: “Storm op hulle af deur by die hek in te gaan. En sodra julle by die hek in is, sal julle hulle oorweldig. Julle moet egter julle vertroue in Allah stel, indien julle gelowiges is.”

24. Die volk het egter gesê: “Moses, solank as wat daardie volk daar is, sal ons nooit daar in gaan nie, So gaan jy en jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer maar, gaan veg julle maar. Ons bly net hier sit.”

25. Moses sê toe vir Allah: “Ag my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ek het geen beheer oor enigiets anders as net oor myself en oor my broer nie. Bring tog 'n skeiding tussen ons en hierdie sondige volk.”

26. Allah antwoord toe: “Hierdie land sal nou verbode wees vir hierdie volk vir veertig jaar. En hulle sal oor die aarde rondswerf. Moet dus nie verder ontsteld wees oor hierdie sondig volk nie.”

27. Vertel vir hulle die ware verhaal van die twee seuns van Adam, Kain en Abel. Beide seuns het 'n offerande gebring, maar net die offerande van die een seun, Abel is aanvaar terwyl Kain se offerande nie aanvaar is nie. Kain sê toe vir Abel: “Ek gaan jou doodmaak.” Abel sê toe: “Allah aanvaar net die offerande van diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Hom het.

28. As jy jou hand na my toe gaan uitsteek om my dood te maak, sal ek nie dieselfde aan jou doen nie want ek het 'n heilige ontsag en respek vir Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

29. Ek sien eerder dat my sonde en jou sonde op jou neerkom en dat jy een van die mense van die vuur van die Hel word, want dit is die straf van die onregverdiges.

30. Kain is toe gedryf deur sy innerlik self om sy broer dood te maak, en sodoende een van die verloorders te word.

31. Allah stuur toe 'n kraai wat in die grond krap om vir Kain te wys hoedat hy sy broer se liggaam kon wegsteek. Daarna het hy besef dat hy nie eers die kennis van 'n kraai het nie en gesê: “Helaas, ek is nie eers in staat om soos hierdie kraai te wees sodat ek my broer se lyk kan wegsteek nie?.” Daar staan Kain toe vol berou oor wat hy gedoen het.

32. Om hierdie rede het Ons dan aan die kinders van Israel voorgeskryf dat indien iemand 'n ander persoon sou doodmaak, tensy dit nou is uit weerwraak vir 'n ander moord of omdat daardie persoon wanorde saai in die land, dan is dit asof hy die hele mensdom dood gemaak het. En wie die lewe van een persoon red, dit is asof hy die lewens van die hele mensdom gered het. Ons Boodskappers het bo alle twyfel na hulle toe gekom met 'n duidelike boodskap en bewyse. Dan vind mens nog steeds ten spyte daarvan dat baie mense oortredings begaan.

33. Diegene wat veg teen Allah en Sy Boodskapper en rond hardloop en poog om wanorde op die aard te saai, hul straf is niks anders nie as dat hulle uitgemoor gaan word, of gekruisig gaan word, of dat hul hande en voete aan teenoorgestelde kante afgesny gaan word, of dat hulle uit die land waarin hulle woon gehou gaan word. Dit sal vir hulle 'n vernedering wees in hierdie wêreld en in die Hiernamaals sal daar vir hulle 'n groot straf wees:

34. ...behalwe nou vir diegene wat berou het voordat julle hulle oorweldig. In daardie geval, wees verseker daarvan dat Allah Meesvergewend, Baiegenadig is.

35. Gelowiges, julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah en wend elke moontlike poging aan om naby aan Allah te kom en voer die Stryd op die weg van Allah sodat julle suksesvol mag wees.

36. Waarlik, al sou die ongelowiges dubbel soveel besit as wat daar op die aarde is, en hulle sou dit wil betaal as losprys op die oordeelsdag, sal dit steeds nie van hulle aanvaar word nie. Vir hulle is daar 'n pynlike straf.

37. Hulle sal graag uit die Vuur uit wil kom, maar hulle sal nie daar kan uitkom nie. Vir hulle is daar 'n blywende straf.

38. Wat betref 'n man of 'n vrou wat diefstal gepleeg het, kap albei van hulle se hande af as vergoeding vir dit wat hulle verdien het, en as 'n afskrikmiddel van Allah. Allah is Magtig en Wys.

39. Wie egter berou het nadat hy oortree het en homself korrigeer, teenoor so 'n persoon sal Allah toegeeflik wees. Waarlik Allah is Meesvergewend , Baiegenadig.

40. Weet julle dan nie dat aan Allah behoort die koninkryk van die hemele en die aarde, nie? Allah straf wie Hy wil en vergewe wie Hy wil. Allah het mag oor alle dinge.

41. Boodskapper, diegene wat die ongeloof najaag moenie vir jou 'n bron van kommer wees nie: dis nou diegene wat met hulle monde sê: “Ons glo” terwyl hulle harte nie glo nie, en die wat Jode is. Hulle sal enige leuen glo, luisteraars namens ander mense wat nie na jou toe gekom het nie. Dit is hulle wat woorde verdraai van wat gesê was. Hulle sê: “As jy die gegee is, neem dit, en indien jy nie dat gegee is nie, vermy dit.” Diegene vir wie Allah wil beproef, sal jy nie enigiets voor kan doen teen die wil van Allah in nie. Hulle is diegene wie se harte Allah nie beplan het om te reinig nie. Vir hulle is daar 'n vernedering in hierdie wêreld. En vir hulle is daar 'n groot straf in die Hiernamaals.

42. Luisteraar van die leuen! Eters van die onwettige! Indien hulle dan na jou toe kom, oordeel tussen hulle of draai jou rug op hulle. Indien jy sou besluit om jou rug op hulle te draai kan hulle jou geen skade berokken nie. En wanneer jy tussen hulle moet oordeel doen dit dan met regverdigheid. Waarlik Allah het diegene lief wat reg en geregtigheid laat geskied.

43. Hoe vra hulle nou vir jou om te oordeel terwyl die Wetboek, die Tora, daar by hulle is met die oordeel van Allah daarin? En dan draai hulle na dit alles, steeds weg. Hulle is geen gelowiges nie.

44. Ons het vir hulle die Wetboek gegee, met leiding en lig daarin waarvolgens die Profete, die onderdaniges, kon oordeel vir die Jode. Dit was die Manne met die kennis want aan hulle was die beskerming van die Boek van Allah toevertrou en hulle het daaroor wag gehou. So, moenie vir mense bang wees nie. Maar hê 'n heilige ontsag en respek vir My. En moet ook nie 'n onbeduidende prys neem vir my verse nie. Wie ook al nie oordeel volgens wat Allah geopenbaar het nie, hulle is die ongelowiges

45. In hulle Wetboek het ons vir hulle voorgeskryf: lewe vir 'n lewe, oog vir 'n oog, neus vir 'n neus, oor vir 'n oor en tand vir 'n tand: en vir wonde gelyksoortige vergelding. Wie egter vergewe, dit sal vir hulle versoenend wees. En wie ook al nie oordeel volgens die openbaring van Allah nie, hulle is die onregverdiges.

46. En in hul voetstappe het ons Jesus, die seun van Maria gestuur, om te bevestig alles wat voor Hom was, soos vervat in die Wetboek. Aan Jesus het ons die Evangelie gegee met leiding en lig daarin, wat die Wetboek wat voor dit was bevestig asook en ook leiding en les bevat vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het.

47. Die mense van die Evangelie moet oordeel volgens wat daarin vervat is. Diegene wat nie oordeel ooreenkomstig dit wat Allah geopenbaar het nie, is sondaars.

48. Aan jou Mohammed, het Ons die Boek met die waarheid geopenbaar, wat die Boek voor dit bevestig, en dit beveilig. So oordeel tussen hulle volgens dit wat Allah geopenbaar het en moenie hul begeertes navolg teen die waarheid wat aan jou geopenbaar was nie. Vir elkeen van julle Boodskappers het ons 'n weg en 'n metode

bepaal. Indien Allah wou kon hy 'n enkele gemeenskap van mense gemaak het, maar Hy het nie, sodat Hy julle kon toets met dit wat Hy julle gegee het. Strewe dan daarna om mekaar te oortref in goeie dade. Na Allah moet julle almal terugkeer: dan sal Allah julle die uitsluitsel gee van dit waaroor julle nie kon saamstem nie.

49. Ons het aan jou 'n openbaring gegee: oordeel tussen hulle volgens wat Allah aan jou geopenbaar het, en volg nie hulle begeertes na nie. Wees versigtig dat hulle jou nie mislei weg van sommige van dit wat aan jou geopenbaar was nie. Want as hulle wegdraai, wees verseker dat Allah beplan om hulle te laat ly vir van hulle sondes. En waarlik baie van die volk is sondaars.

50. Is dit die oordeel van die dae van ongeletterdheid waarna hulle verlang? Wie is dan beter om te oordeel as Allah, vir 'n volk wat glo?

Die volgende verse verwys na die komende verowering van Mekka

51. Gelowiges moenie die Jode en Christene vir julle as intieme vriende neem nie. Hulle is vriende met mekaar. Wie ook al intieme vriende met hulle maak, is een van hulle. Waarlik Allah lei nie mense wat nie reg lewe na die regte weg nie.

52. Nou, julle sal merk dat daar diegene is wat die siekte in hulle hart het om voor te gee wat hulle nie is nie en wat na hul ongelowige vriende toe hardloop en sê: "Ons is bevrees dat ons deur een of ander ongeluk getref gaan word,"...indien ons verhoudinge met ons ongelowige vriende verbreek. Dit is egter net moontlik dat Allah 'n oorwinning of 'n regering kan bewerkstellig, wat sal veroorsaak dat hulle jammer gaan wees oor die dinge wat hulle in hul harte versteek het.

53. Die gelowiges sal sê: "Is hierdie mense wie met uitdruklike ede gesweer het dat hulle met julle was?" Hul dade het verlore gegaan en hulle het verloorders geword.

54. Gelowiges, wie ook al van julle wegdraai van Islam af, Allah sal julle vervang met 'n volk wie Hy liefhet en wie Hom liefhet, 'n volk wat sag* is op die gelowiges maar hard* op die ongelowiges, wie sal veg op die weg van Allah en nie bang is vir die berisping van enige kritiek nie. Dit is 'n guns van Allah. Hy verleen dit aan wie Hy wil. En Allah is Alomomarmend, Alwetend. (*K48:29)

55. Jou enigste vriend is Allah, Sy Boodskapper en die gelowiges: diegene in wie se lewens Aanbidding gevestig is, die Armebelasting betaal en voor Allah neerkniel.

56. Wie ook al vriendskappe smee met Allah en Sy Boodskapper en met die gelowiges, dra daartoe by dat die volk van Allah die oorwinnaars is.

57. Gelowiges, moenie bevriend raak met diegene wat grappies en 'n bespotting maak van Islam, of dit nou die Jode en die Christene is aan wie die Boek voor julle gegee was en of dit nou die ongelowiges is nie. As julle gelowiges is, moet julle 'n heilige ontsag en respek vir Allah hê.

58. Ook hulle wat grappies en 'n bespotting maak van die Aanbiddingsroep. Dit is omdat hulle mense is wat nie verstaan nie. (K30:7)

59. Sê vir hulle: "O mense van die Boek, moenie ons beskuldig slegs omdat ons in Allah geglo het en in dit wat aan ons geopenbaar is en vroeër geopenbaar is nie en meeste van julle sondaars is omdat julle gekies het om dit nie te glo nie."

60. Sê vir hulle: "Moet ek liewer nie vir julle vertel wat erger is as dit in die vergelding van Allah nie? Erger as dit is wat gebeur het met diegene wat Allah onderwerp het aan Sy vervloeking en Sy woede, hulle wie Hy in ape en varke verander het, en wie die Taghut, Satan die Rebel, aanbid het. Hulle is baie slegter af en vêr weg verwyder van die Regte Weg af, vêr buite die die Wil van Allah."

61. Wanneer hulle na jou toe kom dan sê hulle: "Ons het Islam aangeneem as ons Geloof," ...terwyl hulle inderwaarheid Islam in ongeloof aangeneem het en daarmee weer Islam verlaat het. Allah weet die beste wat hulle weggesteek het.

Die morele verval van die Jode

62. En julle sien dat daar by van die Jode gewoontes van morele verval en 'n houding van selfvernietiging is, deurdat hulle die sonde najaag, oortree, aggressief optree en dit wat onwettig is verbruik. Dit wat hulle gedoen het is inderdaad sonde. (K3:114)

Geestelike Leiers dra 'n verantwoordelikheid vir die optrede van die gewone mens en hul volgelinge

63. Hoekom is dit dan dat die Manne van Allah diegene wat toegewy is en hulself afsonder en die Geestelike Leiers en Geleerdes, hulle nie verbied om dit wat sondig is te sê en dit wat onwettig is te verorber nie? Want dit waarmee hulle besig is, is inderdaad sonde.

64. Die Jode sê: "Allah se hand is vasgebind." omdat dit nie meer met hulle so goed gaan soos altyd nie. Dis eerder hul eie hande wat vasgebind is, en hulle wat vervloek is tot die straf in die Hiernamaals en hier op aarde in die vorm van skande, omdat hulle soiets sê.

65. Indien die mense van die Boek geglo het en 'n heilige ontsag en respek vir Allah gehad het, sou Ons al hulle sondes afgeskryf het en hulle opgeneem het in die Tuine van Geluksaligheid.

66. En indien hulle die Wet en die Evangelie en dit wat aan hulle geopenbaar was deur hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer gehandhaaf het, sou hulle volop gehad het om te eet, van dit wat bo hulle en dit wat onder hulle was. Daar is goeie mense tussen hulle, maar die meeste van hulle doen die sonde.

67. Boodskapper, jy moet alles wat aan jou geopenbaar was deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer oordra. En indien jy dit nie doen nie, dan het jy geheel nie die Boodskap oorgedra nie. Allah sal jou teen die mense beskerm. Waarlik Allah neem nie die ongelowige mense na die Regte Weg om binne Sy Wil te lewe nie.

Allah bemoedig die Profeet

68. Sê aan hulle: "Mense van die Boek, julle het niks om op te staan nie, tensy julle die Wet en die Evangelie en dit wat aan julle geopenbaar was deur julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, handhaaf nie." Dit wat aan jou geopenbaar was, Mohammed, deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, sal vele van hulle in opstand en ongeloof laat toeneem. So, moenie jou kwel oor die ongelowige mense nie.

Verlossing word belowe aan vier gemeenskappe

69. Waarlik, die gelowiges, en diegene wat Jode is, en die Sabiërs en die Christene: wie ook al glo in Allah, en in die Laaste Dag, en goed en reg optree, sal geen vrees hê nie, en niks hê om hulle oor te kwel nie.

70. Ons het 'n eed van die Volk Israel verkry en Boodskappers na hulle toe gestuur. Wanneer 'n Boodskapper na hulle toe gekom het met 'n Boodskap wat nie met hul begeertes ooreengestem het nie, het hulle hom of van valsheid beskuldig of doodgemaak.

71. En hulle het gedink dat hulle niks daarvan sal oorkom nie. Daarom het hulle doof en stom geword vir goddelike boodskap, bewyse en woorde. Nadat hulle vir jare slawe was in Babilonië onder Nebukadnesar, het Allah hulle berou aanvaar en hulle laat terugkeer na Jerusalem, maar dit was nie lank nie of hulle het maar weer doof en stom geword vir die Boodskappers, en Sagaria en Johannes laat vermoor en Jesus se lewe bedreig. Baie van hulle het so geword. En Allah sien wat hulle doen.

72. Hulle het waarlik ongelowiges geword toe hulle gesê het: "Allah is presies dit: hy is die Messias, Jesus die seun van Maria" terwyl die Messias self gesê het: "Kinders van Israel, aanbid Allah, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer en julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer." Feit van die saak is, wie ook al vennote aan Allah toeskryf, Allah het die Paradys vir so iemand verbode gemaak en die enigste skuiling wat so iemand het is die Vuur. En vir diegene wat onreg doen is daar geen ondersteuners nie.

73. Hulle het waarlik ongelowiges geword wie gesê het: "Allah is die derde in die drie-eenheid" terwyl daar geen ander god is behalwe die enige God nie. As hulle nie hierdie uitsprake gaan staak nie, sal 'n pynlike straf die ongelowiges tussen hulle tref.

74. Hoekom keer hulle hulself dan nie in berou tot Allah nie en vra om vergifnis siende dat Allah mees vergewend en baie genadig is nie?

75. Die Messias, die seun van Maria, is niks meer as net 'n

Boodskapper nie. Daar was Boodskappers voor hom. En sy ma is baie betroubaar. Beide Jesus en sy ma het kos geëet wat daarop wys dat hulle nes ander mense afhanklik was van hierdie aardse bestaansmiddele. Kyk net hoe verduidelik Ons die boodskap en bewyse aan hulle, en sien dan hoe vêr is hulle afgedwaal.

76. Sê aan hulle: "Aanbid julle naas Allah dit wat geen mag het om julle te bevoordeel of te benadeel nie?" Allah is die Alhorende, die Alwetende.

Bly binne die beperkinge van Islam

77. Se vir hulle: "Mense van die Boek, moenie onnodig die beperkinge oorskry in julle geloof nie, en moenie die begeertes navolg van 'n volk wat alreeds afgedwaal het nie, wat baie mislei het en die regte pad lankal byster geraak het nie."

78. Op diegene uit die kinders van Israel wat nie geglo het nie was daar 'n vloek wat op hulle geplaas was deur Dawid en Jesus, die seun van Maria. En dit alles net omdat hulle ongehoorsaam was en die beperkinge oorskry het.

79.Hulle het die sonde wat hulle gedoen het nie vir mekaar verbied nie. En dit was inderdaad sonde wat hulle gedoen het.

Moenie ongelowiges as vriende neem nie

80. Jy sal sien dat baie van hulle die ongelowiges as vriende neem. Hulle het inderdaad vir hulleself die sonde vooruitgestuur want Allah is baie kwaad vir hulle, en hulle sal vir ewig onder die straf moet bly.

81. Indien hulle in Allah geglo het, en in die Profeet en in dit wat aan die Profeet geopenbaar was, sou hulle nie die ongelowiges as vriende geneem het nie, maar baie van hulle is sondaars.

82. Jy sal beslis vind dat die mees vyandiggesinde mense teenoor die gelowiges is die Jode en diegene wat vennote aan Allah toeskryf. En jy sal beslis vind dat die naaste van hulle wat betref vriendskap met die gelowiges is diegene wat sê: "Ons is Christene." Dit is omdat daar tussen hulle priesters en monnike is en omdat hulle nie arrogant is nie.

Gelukkig is die wat hoor en glo!

83. En wanneer hulle hoor wat aan die Profeet geopenbaar is, sal jy sien dat hulle oë vol trane word vir dit wat hulle as die waarheid herken het. Hulle sê dan: "Onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons glo! So, skryf ons name saam met die wat getuies is."

84. Watter verskoning sal ons dan aanbied as ons nie in Allah glo nie en nie in dit glo wat aan ons duidelik geword het van die waarheid nie, terwyl ons hoop dat ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer ons sal opneem saam met die mense wat reg gelewe het.

85. So het Allah hulle dan beloon, op grond van wat hulle gesê het, met tuine waaronderdeur riviere vloei, en waarin hulle vir ewig sal woon. Dit is die beloning vir diegene wat goed is in dit wat hulle doen.

86. Hulle wat nie geglo het nie en Ons boodskap en bewyse ontken het, hulle is die mense van die Vuur.

Moenie dit wat wettig gemaak is, onwettig maak nie

87. Gelowiges, moenie die goeie dinge wat Allah wettig gemaak het, onwettig maak nie, en moenie oortree nie. Allah hou waarlik nie van die oortreders nie.

88. Eet enigiets wat wettig en goed is wat Allah aan julle voorsien het, en julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah wie se gelowiges julle is.

Beloftes en Ede

89. Allah hou julle nie verantwoordelik vir dit julle belowe het maar wat nie verantwoordbaar is nie, soos indien die feite intussen verander het of julle per ongeluk sou sê: 'Ek sweer' nie, maar Hy hou julle verantwoordelik vir die beloftes wat julle self gemaak het wetend dat dit eintlik nie die waarheid is nie. As julle so 'n belofte verbreek, moet julle dieselfde kos wat julle aan julle gesinne gee, aan tien arm mense gee, of tien mense klee met 'n bo- en onderkleed, of 'n slaaf vrylaat. En iemand wat nie 'n slaaf kan kry om vry te laat nie, sal vir drie dae vas. Hierdie is die manier waarop julle kan opmaak vir die beloftes wat julle nie nakom nie. Wees versigtig met julle beloftes. Dit is hoe Allah Sy boodskap en bewyse aan julle duidelik maak, sodat julle dankbaar kan wees.

Wyn, Dobbel, Loterye en Verafgoding

90. Gelowiges, die waarheid is dat wyn, dobbel, en enigiets of enigiemand wat naas Allah vereer of verafgod word soos afgode, offeraltaar klippe of bome en enige vorm van lotery en lootjies trek, is vullis, smerigheid en weersinwekkend, 'n werk van die Satan. Daarom, bly weg van dit af, sodat julle suksesvol mag wees.

91. Die Satan het net een doel voor oë en dit is om vyandskap en kwaad tussen julle te saai met wyn en dobbel, en julle te keer om Allah deurgaans in gedagte te hou deur Hom te loof en te prys, en julle weg te hou van julle Aanbidding af. Sal julle dan nie liewer geheel en al van hierdie dinge af wegbly nie. (K2:219)

92. Gehoorsaam Allah en gehoorsaam die Boodskapper, en wees versigtig. Indien julle steeds nie glo nie en wegdraai, hou dan in gedagte dat die taak van Ons Boodskapper is slegs om die Boodskap duidelik oor te dra.

93. Die sonde wat gelowiges wat goeie dade doen vroeër gedoen het deur iets te eet wat onwettig is, word nie as sonde toegereken nie indien hulle 'n heilige ontsag en respek het vir Allah, glo en goeie dade doen, aanhou om 'n heilige ontsag en respek vir Allah te hê, glo en steeds 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, glo en goed word deur hulle dade. Allah het diegene lief wat goed is in hulle dade.

Jag is verbode tydens die Staat van Toewyding

94. Gelowiges, Allah sal julle verseker toets met van die Wild wat binne die bereik van julle hande en spiese gaan kom, sodat Allah kan weet wie 'n heilige ontsag en respek vir Hom het selfs waar niemand hulle kan sien nie. Wie steeds die beperkinge oorskry na dit alles, vir hom is daar 'n pynlike straf.

95. Gelowiges, moenie enige Wild doodmaak wanneer julle in die Staat van Toewyding is tydens die Pelgrimsreis of die Besoek aan Mekka, nie. Wie ook al onder julle doelbewus 'n Wildsbok doodmaak, is verplig om daarvoor te vergoed met beeste van gelyke waarde volgens die oordeel van twee regverdige manne vanuit julle geledere, wat dan as offerande na die Ka'aba moet gaan, of as boetedoening om die armes te voed of die gelyke waarde daarvan in Vasse, sodat die skuldenaar die las kan ervaar van wat hy gedoen het. Allah sal hom onderwerp aan vergelding. Allah is Magtig, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Vergelding.

96. Maar wat julle en die reisigers darem sal help is die feit dat julle mag eet van die "Wild" van die see, wat insluit vars en gesoute seekos, tydens die Staat van Toewyding: vars of gesoute seekos. Dit is net die Wild op land waarvan julle nie mag eet nie solank as wat julle in die Staat van Toewyding is. Julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah na Wie toe julle bymekaargemaak gaan word.

Moenie onnodige vrae vra nie

97. Allah het die Ka'aba, die Heilige Huis van Allah, 'n bron van stabiliteit gemaak vir die volk, so ook die heilige maand, die offerdier en die offertekens. Alles sodat julle kan leer dat Allah weet wat is in die hemele en wat is op die aarde, en dat Allah Alwetend is ten opsigte van alles.

98. Wees verseker dat Allah baie erg is met straf en ook dat Allah Baie Vergewend is en Baie Genadig.

99. Die taak van Ons Boodskapper is slegs om die Boodskap oor te dra. Allah weet wat julle wys en wat julle wegsteek.

100. Sê vir hulle: "Die slegte en die goeie is nie gelykwaardig nie, alhoewel julle aangetrek word deur die oorvloedigheid van die slegte. So, manne van begrip, julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah, sodat julle suksesvol mag wees."

101. Gelowiges, moenie nuttelose vrae vra oor dinge, of dinge bevraagteken wat, indien dit openbaar gemaak word of 'n openbaring vanaf Allah daaroor gegee word, die antwoord of openbaring, met opdragte, julle dalk ongelukkig sal maak nie. Indien julle wel oor iets vra, terwyl die Koran nog geopenbaar word sal die antwoorde aan julle gegee word. Allah het jou vergewe daarvoor. En Allah is Meesvergewend, Verdraagsaam.

102. Mense voor julle het sulke vrae gevra en ongelowiges geword as

gevolg daarvan.

Waak daarteen om heidense gebruike in Islam in te bring al is dit bedoel vir die plesier van Allah.

103. Julle het allerhande gebruike gehad gedurende die tydperk van onkunde voor die koms van Islam, soos om sekere diere aan afgode te wy of in die naam van afgode vry te laat. Allah het nie hierdie reëls daargestel nie, en wie ook al wil voorgee dat dit van Allah afkomstig is, is ongelowiges en verkondig leuens oor Allah. Meeste van sulke mense verstaan nie.

Wyn, Dobbel, Loterye en Verafgoding

90. Gelowiges, die waarheid is dat wyn, dobbel, en enigiets of enigiemand wat naas Allah vereer of verafgod word soos afgode, offeraltaar klippe of bome en enige vorm van lotery en lootjies trek, is vullis, smerigheid en weersinwekkend, 'n werk van die Satan. Daarom, bly weg van dit af, sodat julle suksesvol mag wees.

91. Die Satan het net een doel voor oë en dit dis om vyandskap en kwaad tussen julle te saai met wyn en dobbel, en julle te keer om Allah deurgaans in gedagte te hou deur Hom te loof en te prys, en julle weg te hou van julle Aanbidding af. Sal julle dan nie liewer geheel en al van hierdie dinge af wegbly nie. (K2:219)

92. Gehoorsaam Allah en gehoorsaam die Boodskapper, en wees versigtig. Indien julle steeds nie glo nie en wegdraai, hou dan in gedagte dat die taak van Ons Boodskapper is slegs om die Boodskap duidelik oor te dra.

93. Die sonde wat gelowiges wat goeie dade doen vroeër gedoen het deur iets te eet wat onwettig is, word nie as sonde toegereken nie indien hulle 'n heilige ontsag en respek het vir Allah, glo en goeie dade doen, aanhou om 'n heilige ontsag en respek vir Allah te hê, glo en steeds 'n heilige ontsag en respek vir Allah het, glo en goed word deur hulle dade. Allah het diegene lief wat goed is in hulle dade.

Jag is verbode tydens die Staat van Toewyding

94. Gelowiges, Allah sal julle verseker toets met van die Wild wat binne die bereik van julle hande en spiese gaan kom, sodat Allah kan weet wie 'n heilige ontsag en respek vir Hom het selfs waar niemand hulle kan sien nie. Wie steeds die beperkinge oorskry na dit alles, vir hom is daar 'n pynlike straf.

95. Gelowiges, moenie enige Wild doodmaak wanneer julle in die Staat van Toewyding is tydens die Pelgrimsreis of die Besoek aan Mekka, nie. Wie ook al onder julle doelbewus 'n Wildsbok doodmaak, is verplig om daarvoor te vergoed met beeste van gelyke waarde volgens die oordeel van twee regverdige manne vanuit julle geledere, wat dan as offerande na die Ka'aba moet gaan, of as boetedoening om die armes te voed of die gelyke waarde daarvan in Vasse, sodat die skuldenaar die las kan ervaar van wat hy gedoen

het. Allah sal hom onderwerp aan vergelding. Allah is Magtig, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van Vergelding.

96. Maar wat julle en die reisigers darem sal help is die feit dat julle mag eet van die "Wild" van die see, wat insluit vars en gesoute seekos, tydens die Staat van Toewyding: vars of gesoute seekos. Dit is net die Wild op land waarvan julle nie mag eet nie solank as wat julle in die Staat van Toewyding is. Julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah na Wie toe julle bymekaargemaak gaan word.

Moenie onnodige vrae vra nie

97. Allah het die Ka'aba, die Heilige Huis van Allah, 'n bron van stabiliteit gemaak vir die volk, so ook die heilige maand, die offerdier en die offertekens. Alles sodat julle kan leer dat Allah weet wat is in die hemele en wat is op die aarde, en dat Allah Alwetend is ten opsigte van alles.

98. Wees verseker dat Allah baie erg is met straf en ook dat Allah Baie Vergewend is en Baie Genadig.

99. Die taak van Ons Boodskapper is slegs om die Boodskap oor te dra. Allah weet wat julle wys en wat julle wegsteek.

100. Sê vir hulle: "Die slegte en die goeie is nie gelykwaardig nie, alhoewel julle aangetrek word deur die oorvloedigheid van die slegte. So, manne van begrip, julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah, sodat julle suksesvol mag wees."

101. Gelowiges, moenie nuttelose vrae vra oor dinge, of dinge bevraagteken wat, indien dit openbaar gemaak word of 'n openbaring vanaf Allah daaroor gegee word, die antwoord of openbaring, met opdragte, julle dalk ongelukkig sal maak nie. Indien julle wel oor iets vra, terwyl die Koran nog geopenbaar word sal die antwoorde aan julle gegee word. Allah het jou vergewe daarvoor. En Allah is Meesvergewend, Verdraagsaam.

102. Mense voor julle het sulke vrae gevra en ongelowiges geword as gevolg daarvan.

Waak daarteen om heidense gebruike in Islam in te bring al is dit bedoel vir die plesier van Allah.

103. Julle het allerhande gebruike gehad gedurende die tydperk van onkunde voor die koms van Islam, soos om sekere diere aan afgode te wy of in die naam van afgode vry te laat. Allah het nie hierdie reëls daargestel nie, en wie ook al wil voorgee dat dit van Allah afkomstig is, is ongelowiges en verkondig leuens oor Allah. Meeste van sulke mense verstaan nie.

104. En wanneer aan sulke mense gesê word: "Kom, sluit aan by die boodskap en bepalings wat Allah aan die Boodskapper geopenbaar het." dan sê hulle: "Dit wat ons gesien het ons Voorvaders doen en wat ons by hulle geleer het, is genoegsaam vir ons." Kan dit so wees as mens in ag neem dat hulle voorvaders niks geweet het nie, en ook geen leiding gehad het nie?

105. Gelowiges, sien om na julleself. Diegene wat nie meer binne die Wil van Allah is nie, kan julle geen skade aandoen, indien julle binne die Wil van Allah is nie. Julle gaan almal na Allah toe terugkeer. En dan sal Hy vir julle vertel wat julle gedoen het.

106. Gelowiges, wanneer die dood naby aan julle kom, dit is nou, wanneer die tyd vir die maak van 'n Testament aangebreek het, dan sal die erkende bewys die getuienis van twee ooggetuies uit julle geledere wees. Of indien julle op reis is wanneer die trauma van die dood julle besoek, kan die getuies twee ander mense wees. Na die gebed moet jy hulle dan by jou hou indien jy enige twyfel oor hul betroubaarheid het en hulle maak sweer dat, sowaar as Allah: "Ons sal nie 'n prys neem vir dit nie, selfs al is daar 'n naasbestaande. En ons sal nie die bewyse wegsteek nie, dit wat ons aan Allah verskuldig is, en indien ons dit doen sal ons waarlik een van die sondaars wees."

107. Indien dit ontdek word dat die twee hulself skuldig gemaak het aan 'n sonde, moet twee ander in hul plek geneem word, wat die naaste is aan die twee wie se reg weggeneem is, en hulle sal dan sweer dat, sowaar as Allah: "Ons getuienis is meer betroubaar as hulle getuienis, en ons het nie oortree nie, in welke geval ons as een van die sondaars sal wees."

108. Dit is dus net meer waarskynlik dat hulle op 'n behoorlike manier getuienis sal lewer, of hulle sal bevrees wees dat ander getuienis hulle sal weerlê. Julle moet 'n heilige ontsag en respek hê vir Allah en luister. Allah lei nie die sondaars op die Regte Weg om binne Sy Wil te lewe nie.

109. Onthou, daar kom 'n dag wanneer Allah die Boodskappers bymekaar sal kry en vir hulle sal sê: "Hoe het die mense teenoor julle gereageer?" Dan sal hulle antwoord: "Ons weet nie. Waarlik U alleen het die volle kennis van alles wat ongesien is."

110. Wanneer Allah sal sê: "Jesus, seun van Maria, onthou my seëninge in die vorm van wonderwerke en buitengewone dade op jou, en op jou moeder toe jy as kindjie oor haar kuisheid getuig het, en toe ek jou deur middel van die Heilige Gees ondersteun het. Jy het met die mense gepraat en hulle opgeroep tot Allah, terwyl jy nog in die wiegie was en toe jy volwasse was. Ek het jou die Boek en die Wysheid geleer, en die Wet en die Evangelie. En toe jy uit die klei iets in die vorm van 'n voëltjie geskep het, en jy in dit geblaas en dit deur My Wil 'n voëltjie geword het. Jy het ook die blind gebore man en die melaatse deur My Wil genees, en die dode opgewek, ook met My Wil. Onthou jy ook hoe Ek die kinders van Israel van jou af weggehou het, toe jy na hulle gekom het met 'n duidelike boodskap en bewyse en die ongelowiges onder hulle gesê het: "Dit is baie duidelik, hierdie is net towerkuns."

111. Onthou jy ook toe Ek die dissipels beveel het: "Glo in My en My

Boodskapper.” en hulle gesê het: “Ons glo. En wees getuie daarvan dat ons, onsself aan U onderwerp.”

Die dissipels vra 'n Tafel vol kos

112. Ook toe die dissipels gesê het: “Jesus, seun van Maria, kan u Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir ons uit die hemele 'n tafel met kos daarop, afstuur?” en Jesus geantwoord het: “Hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah as julle gelowiges is.”

113. Die dissipels het toe gesê: “Ons wil daarvan eet sodat ons harte tevrede sal wees en ons verseker kan weet dat u ons die waarheid vertel het, en daarvan kan getuig dat dit die waarheid is.”

114. Jesus, die seun van Maria, sê toe: “O my Allah, onse Skepper, Voorsiener en Onderhouer, gee vir ons uit die hemele 'n Tafel vol kos, sodat dit 'n vrolike geleentheid kan wees vir al ons nageslagte, huidig en in die toekoms, 'n teken van U af. U is die beste Gewer van dit wat ons benodig.”

115. Daarop het Allah geantwoord: “Ek gaan dit vir julle afstuur, maar wie ook al van julle na dit steeds nie glo nie, sal Ek straf met 'n straf waarmee ek niemand anders in die wêrelde sal straf nie.”

Allah vra vir Jesus of dit hy was wat die mense aangesê het om homself te aanbid?

116. En toe Allah gesê het: “Jesus, seun van Maria, het jy vir die mense gesê: 'Neem my en my moeder as gode naas Allah?'” Jesus antwoord toe: “Rein is U, dit betaam my nie om iets te sê wat nie reg is nie. Indien ek so iets sou gesê het, sou U dit geweet het. U weet wat is in my hart en ek weet nie wat is in U hart nie. U alleen het die volle kennis van alles wat ongesien is.

117. Ek het nie vir hulle enigiets anders gesê as net dit wat U my beveel het om te sê nie, en dit is: 'Aanbid Allah, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer en julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer.' en ek was 'n getuie oor hulle vir solank as wat ek by hulle was. Maar toe U my opgeneem het, was U die Een wat oor hulle die wag gehou het. En U is getuie van alles.

118. Indien U hulle straf, hulle is U diensknegte. En indien U hulle vergewe, U is die Magtige, die Wyse.”

119. Allah sê toe: “Hierdie is 'n dag waarop die waarheid van die betroubares vir hulle voordeel sal bring. Vir hulle is daar tuine waaronderdeur riviere vloei en waar hulle vir ewig sal lewe. Allah is tevrede met hulle en hulle is tevrede met Allah. Dit is die grootste sukses en prestasie wat enigiemand kan behaal.”

120. Aan Allah behoort die koninkryk van die hemele en die aarde en wat ook al daarin geleë is. En Hy het mag oor alles.

Mag elkeen wat hierdie hoofstuk lees, sê: “Ek het gehoor en ek glo!”

O my Allah, kom skryf op ons harte elke dag nog meer U Woorde van bemoediging sodat ons elke dag weer en nog meer sal bely: “Ja, my Allah, ek hoor U stem in my hart en ek glo!”

Amen.